# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.:162/2003***
***DATUM:01-04-2003***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**ELIAS GEORGE THOMAS**

***CORAM:*** WILLIAMS WnR

## *U I T S P R A A K*

**<u>WILLIAMS WnR:</u>**

Die beskuldigde, ‘n 56 jarige man, is skuldig bevind aan ‘n oortreding van artikel 65(2)a) van die Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996 deurdat hy op ‘n openbare pad ‘n voertuig bestuur het terwyl die konsentrasie alkohol in sy bloed nie minder as 0,05 gram per 100ml was nie, te wete 0,09 gram per 100ml.

Die beskuldigde het skuldig gepleit op hierdie aanklag en is na skuldigbevinding gevonnis tot ‘n boete van R2500,00 of 6(ses) maande gevangenisstraf plus ‘n verder 6(ses) maande gevangenisstraf opgeskort vir ‘n periode van 5(vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan die oortreding van artikel 65(2)a) van die Nasionale Padverkeerswet

No 93 van 1996 gepleeg gedurende die periode van opskorting nie.

Buys R het na deurlees van die saak rekord 'n navraag gerig aan die betrokke landdros in die volgende terme:

> "Aangesien daar nie getuienis is dat die beskuldigde bygedra het tot die botsing nie, wil dit my voorkom of die vonnis te swaar kan wees. Sien ***S v Harris saaknommer 1017/00*** *wat aan landdroste gesirkuleer is. Die landdros word versoek om haar redes vir vonnis ter verskaf."*

Hierop het die landdros geantwoord dat sy wel by vonnisoplegging in aanmerking geneem het dat die beskuldigde 'n eerste oortreder was met 'n hoë ouderdom, dat die beskuldigde berou toon vir sy daad en dat daar geen persone in die ongeluk beseer is nie. Sy het ook in aanmerking geneem dat eerste oortreders van hierdie tipe misdryf in Kimberley normaalweg gevonnis word tot 'n boete van tussen R2500,00 en R3000,00 of by versuim 6(ses) maande gevangenisstraf plus 'n verdere 6(ses) maande gevangenisstraf opgeskort vir 'n periode van 5(vyf) jaar.

Die landdros gee wel toe dat daar geen getuienis voor die hof was dat die beskuldigde enigsins bygedra het tot die ongeluk nie en dat die beskuldigde se weergawe dat sy motor stilstaande was toe 'n ander motor in hom vasgery het, nooit deur die Staat weerlê is nie. Die beskuldigde is ook 'n pensionaris en versoek die landdros dat die boete verlaag word.

Dit is natuurlik belangrik dat daar sover as moontlik eenvormigheid is wat betref straftoemeting ten opsigte van soortgelyke misdrywe. Daarom is dit gewens om te kyk na die vonnisse normaalweg opgelê in die streek vir die spesifieke misdryf. Die doel hieragter is nie om die vonnisse normaalweg opgelê slaafs na te volg nie, maar slegs as riglyne te gebruik. Elke beskulidgde en elke saak

moet op sy eie meriete beoordeel word.

Ek is van mening dat die vonnis in hierdie spesifieke geval te swaar is. Gevolglik word die vonnis tersyde gestel en vervang met die volgende:

- Die beskuldigde word gevonnis tot ‘n boete van R1800,00 of 5(vyf) maande gevangenisstraf plus ‘n verdere 5(vyf) maande gevangenisstraf in geheel opgeskort vir ‘n periode van 5(vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan die oortreding van artikel 65(2)a) van die Nasionale Padverkeerswet, Wet 93 van 1996, gepleeg gedurende die periode van opskorting nie.

- Die boete is betaalbaar in paaiemente van R100,00 per maand betaalbaar voor of op die sewende dag van elke maand totdat dit ten volle betaal is.

C.C WILLIAMS
WAARNEMENDE REGTER